feedback

e-news spring 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Spring in Aksie met die tuinbou tedoen lys van die kenner **Lindsay Gray**

Wat 'n onkonvensionele winter het ons nie ervaar nie! Snerpende koue, onseisoenale reënval in gebiede wat hoofsaaklik somer reënval ervaar en erge vloede in ander dele van die land – alles wat op klimaatsverandering dui.

Somer Reënval Streke

Grasperke: Ondanks die winter reënval is dit tog effens te vroeg om jou lente bemesting vir die grasperk toe te dien. In plaas daarvan, as jy tekens van nuwe groei opmerk, sny die gras liggies met die lemme op hul hoogste verstelling. Dit sal gesonde lentegroei aanmoedig. Vanaf September, kyk uit vir 'n voorspelling van twee of drie dae standvastige reën en dien dan 'n kunsmis, ryk in stikstof soos Neutrog se Upsurge toe. Die hoeveelheid moet sowat 50g per vierkante meter wees. Moet nooit kunsmis in die reën toedien nie. Dit veroorsaak 'n ongelyke verspreiding. Daarna, sny die gras gereëld maar moet nie meer as 'n derde van die groei afsny nie om die wortels kans te gee om sterker te word wat 'n dik bedekking van gesonde grasperk verseker.

Tuinbeddings: Jou lente program moet bestaan uit die bemesting van tuinbeddings en die hernuwing van die beskermende laag grondbedekking op die grond. Dit is 'n sleutelbestanddeel vir 'n gesonde tuin. Voed met Neutrog se Rapid Raiser teen 'n tempo van 100g per vierkante meter en daarna, dien 'n 5cm dik laag goed verrotte kompos of blare as 'n deklaag toe.

Lente snoei: Buiten vir rose is daar nie 'n presiese datum vir Lente snoei nie. Trouens dit is makliker om te snoei wanner die lentegroei sy verskyning maak sodat wanneer jy 'n struik of jong boom vorm, jy presies kan sien waar om te sny om gesonde uitwaartse groei aan te moedig.

Verdeling van Meerjariges: Lentetyd is die ideale tyd om meerjariges, soos daglelies, Clivia (na blomtyd) en Agapanthus, uit te haal en te verdeel. Berei die nuwe beddings met 'n dik laag ryk kompos en 100g per vierkante meter van Neutrog se "Rapid Raiser" voor. Na herplanting bedek die grond met 'n grondbedekking. Hierdie jaar mag jy dalk nie 'n skouspel van blomme ervaar nie, maar volgende somer sal jy beloon word.

Ryp Gebiede: Tuiniers wat in ryp geteisterde gebiede woon sal weet dat dit nog te vroeg is om ryp beskerming van jou plante te verwyder. Sodra die finale hewige ryp verby is, kan die beskermings verwyder word. Vervang enige winter eenjarige plante met somer blomplante, voed die beddings en vul die laag grondbedekking oor die oop grond op.

Winter Reënval Streke

Die uitdaging in hierdie dele van die land is om gesonde groei regdeur die warm droë somers te onderhou.

Voeding: Hou vol met jou gereëlde voedingsprogram vir grasperke en tuinbeddings soos vir die somer reënval streke. Plaas 'n dik lag grondbedekking sodra die grond effens warmer is en hou dit vogtig en beskerm teen die son en wind tydens die somer maande.

Lente Snoei: Dit moet slegs nodig wees om struike met uitgroeisels skoon te maak of om die enkele tak wat korter gemaak moet word, af te sny.

Algemeen

Grondbedekking (Mulch): Enige siektevrye materiaal soos kompos, droë blare, gruis, klippies, perskepitte, neutdoppe, plastiek, nat koerantpapier, strooi, los hooi of 'n dun laag afgesnyde gras kan gebruik word.

Water insameling: Elke tuinier behoort hierdie somerseisoen in 'n water tenk (of enige water opvangsapparaat) te belê om so veel as moontlik van die lente- en vroeë somerreënval op te vang. Die kleiner tenks is selfs handig om visdamme en swembaddens mee op te vul en om selfs vir karwas te gebruik!

Geniet jou tuinbou!

Lindsay Gray is hoof van die School of Garden Design, Suid-Afrika se oudste private tuinontwerp skool.

Lindsay het in KZN onder Vernon Rippon, Peter Bretherton en Bruce Stead en daarna in Londen met meester ontwerper, John Brookes en by die English Gardening School gestudeer. Sy het twee boeke, Making Sense of Garden Design en A Sense of Space : The Gardens of Jan Blok geskryf.

feedback

e-news spring 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

Lente voeding met 'n Dwarsdeur die Jaar Program

Die plante in ons tuine is net soos mense, hulle groei op hul beste wanneer hulle goed gevoed is en gereëld kos kry. Gelukkige gesonde plante word nie maklik siek nie en is minder vatbaar vir peste en siektes.

Voeding van die grond in elke seisoen, pas die voedings behoeftes van plante en voorsien hulle van 'n gedurige en volhoubare voedingstof program wat hulle die beste kans gee om op hul optimum te presteer.

Tradisioneel is daar geglo dat ons bemesting aan grasperke toedien om die 'plante te voed'. Dit is gedeeltelik waar maar ons moet ook besef dat ten einde volhoubare resultate te verkry ons ook die grond moet voed. Die resultaat van hierdie kombinasie is dat die gras beter groei en floreer.

GRASPERK

Neutrog se Upsurge word vervaardig van 'n unieke mengsel van organise en anorganiese bestanddele wat die grasperk die beste van albei wêrelde gee. Die organise stowwe voorsien 'n stadige voedsel vrystelling oor 'n aantal weke wat die grond voed, terwyl die anorganiese wateroplosbare stowwe die voedingstowwe vinniger voorsien vir die aanvanklike groei "boost" wat jou gras nodig het. Soos die naam aandui, Upsurge voorsien vinnige resultate en 'n gesonde helder groen kleur!

PLANTE

Rapid Raiser is 'n unieke mengsel van 100% organiese material wat spesiaal geformuleer is om die vinniger, gesonder en volhoubare groei van alle tuinplante te bevorder. Dit is verryk met afsettinggesteente fosfaat wat die ontwikkeling van wortelstelsels bevorder en dus ideaal is om plante aanvanklik te plant. Die organiese bestanddele wat stadig vrygestel word bevorder microbiologiese en erdwurm aktiwiteit wat 'n goed gestruktureerde en gesonde grond daarstel.

ROSE EN ANDER BLOM- / VRUGTEDRAENDE PLANTE

Soos die naam aandui Sudden Impact for Roses is die perfekte produk vir you gunsteling rose; tog is dit ook uitstekend vir al jou blom- en vrugtedraende plante. Die balans en verhouding van voedingstowwe, gekombineer met net die beste grondstowwe is die geheim agter die produk se sukses. Gebruik "Sudden Impact" vir rose in jou tuin en sien 'n vermeerdering in die aantal blomme aan elke bos, 'n verbetering van die kwaliteit van individuele bloeisels sowel as aanhoudende algemene plant sterkte en kragtige groei.

Besoek jou Neutrog handelaar vir 'n voedingsprogram vir jou tuin wat reg deur die jaar geskik is of besoek die webwerf:
www.neutrog.co.za

'N Waterwys Tuin van die Grond Af Op

Hoe die regte grondvoorbereiding jou watergee-roetine kan beïnvloed.

Waterbesparing bly die focus van tuiniers regoor die land, soos hulle maniere soek om hul tuine meer "waterwys" te maak. Buiten die kies van geskikte plante – soos die keuse van plante wat geskik is vir ons tuine se individuele toestande, grondbedekking ("mulching") en die gebruikmaking van effektiewe en doeltreffende natmaak tegnieke waar nodig, moet ons ook in ag neem wat gedoen kan word om die grondstruktuur en daarmee saam die waterhoudende vermoë te verbeter.

Die toevoeging van organiese material tot die grond, ongeag of dit in die vorm van kompos, grondbedekking of organies gebasseerde kunsmis is, help om die grond se struktuur so wel as die bevordering van erdwurm en mikrobiese aktiwiteite te verbeter. Dit lei tot 'n toename in plant wortel groei wat die plant se vermoë om vog en voedingstowwe uit die grond op te neem, verbeter. Plante sal sterker, gesonder en meer bestand wees teen uiterste stress situasies soos hitte of beperkte water.

Die ou geloof dat ons bemesting toedien om "plante te voed" word nou vervang deur 'n begrip dat organies gebasseerde bemesting die grond voed en die resultaat daarvan is plante wat beter groei en presteer.

Binnekort by 'n winkel naby u is 'n NUWE Neutrog produk wat kan help om jou waterwyse tuinbou aktiwiteite totaal om te keer – Seamungus! Daar is vele unieke aspekte tot hierdie produk maar

feedback
e-news spring 2011

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

ongetwyfeld een van die mees belangrike en opwindende eienskappe is sy vermoë om vog te behou.

Neutrog het onlangs monsters by die Universiteit van Stellenbosch getoets waar dit getoon is dat die produk meer as 120% van sy eie gewig in vog kan hou!.

Hoe is dit moontlik? Wel, Seamungus is 'n gekomposte en gekorrelde hoendermis gebasseerde produk, maar dit bevat ook seegras (Kelp) en vismeel. Seegras is bekend vir sy waterhoudende eienskappe en die byvoeging daarvan tot die vervaardiging van Seamungus gee dit dieselfde eienskappe. Dit beteken minder water gee sowel as 'n gesonder, lewendige grond – goeie nuus vir gebiede met 'n lae reënval of vir diegene wat poog om hul tuine so waterwys as moontlik te maak. Seamungus is veilig vir gebruik vir alle tuinplante - selfs inheemse variëteite.

Your plants will just love
SEAMUNGUS™
Kyk uit vir Seamungus
— beskikbaar in 10kg sakke in winkels in al die groot sentra teen November.

WATER WISE

Highbury Voorbereidingskool Sien Uit Na 'n Groen Toekoms - KZN

HIGHBURY PREPARATORY SCHOOL

Groot was die opgewondenheid toe ons onlangs pragtige fotos van die tuine en gronde van die Highbury Prep in KZN ontvang het. Chantelle Burgin, Direkteur van Bemarking verskaf 'n bietjie meer inligting aan ons oor die skool se omgewings opvoedings inisiatiewe en die daaropvolgende nalatingsskap wat vir die genot van toekomstige leerlinge daarmee geskep word.

Die Gaan Groen inisiatief by Highbury is 'n bewustelike poging deur die Highbury famielie om 'n Omgewings-bewussyn te ontwikkel wat in 'n volhoubare toekoms vir die skool, die gemeenskap en die grotere omgewing omskep sal word.

Fokusareas sluit in: afvalbestuur, energie bewussyn, water bewaring en tuinbou. Highbury is 108 jaar oud en menige struike en bome is deur die stigter van die skool "Granny McMillan" geplant. Ons het stadigaan probeer om inheemse plantegroei in te bring, maar dit kan nogal 'n uitdaging wees om plante en bome met sentimentele waarde vir vorige en huidige leerlinge uit te roei, soos baie groot bloekombome in en om die parkeerterrein waaronder seuns al meer as 100 jaar gesit het.

Highbury is geleë in 'n parkagtige landgoed in Hillcrest, Durban, wat 14 hektaar beslaan. Ons landgoed tuine word deur 2 voltydse tuiniers onderhou. Ons het Neutrog produkte al 'n hele paar jaar op ons velde, rose en gras as grasperkvoeding gebruik. Verlede jaar het ons groente geplant en het twee groot groentetuine in ons Grondslagfase en Senior Primêre vierkante, wat die seuns verantwoordelik is om te onderhou. Dit leer hulle van volhoubare groei. Baie van hierdie groente word in ons Highbury kombuise vir middagetes ens. gebruik.

Highbury ontvang baie positiewe kommentaar oor ons pragtige goed onderhoude gronde en baie mense is passievol om hulle so te hou danksy Des Dunstone, wie die prosesse en kreatiewe idees aandryf en laaste maar nie die minste nie, die uitstekende Neutrog produkte wat ons gebruik.

Neutrog het die Highbury Skool se groentetuine met Seamungus geborg – ons kan nie wag om die resultaat te sien nie!

Pooh Bah club

Join Neutrog's Pooh Bah Club
The Pooh Bah Club is the club for all gardening fans to keep up to date with the latest in gardening products, news, and competitions. Be the first to hear about new Neutrog products launched and receive tips about fertilising your garden and lawn all year round. **To join register today at www.neutrog.co.za – membership is free.**

Neutrog SA is on Facebook
Find Neutrog SA on Facebook and become a fan by clicking the 'Like' button. Receive great tips and gardening advice, take part in discussions and enter unique competitions.

NEUTROG FERTILISERS
The Experts' Choice.

T 0860 110 110
F 086 672 2328
E info@neutrog.co.za
Neutrog Africa Pty Ltd
PO Box 81 Philadelphia
7304